

4 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 5:1-6; 5:22-27 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 5:24 (OAV)

God se grootheid in sy verskyning

Wie sal God sien en bly lewe? Selfs om Hom te sien in die tekens van sy teenwoordigheid is daar verskrikking. Op Sinai het God sy teenwoordigheid bekendgemaak deur donderslae, weerlig en 'n donker wolk. Sy grootheid en almag is 'n verskrikking vir die mens. Wie sal voor Hom kan bly staan?

Daarom vra die volk dat die Here liefver met Moses moet praat. Anders sal hulle sterwe van vrees. En tog, Hy praat met mense. Maar sy almag en grootheid kan hulle nie uithou nie. Daarom soek hulle 'n middelaar tussen hulle en God met wie God kan praat. As God met die middelaar praat, kan die mens dit uithou.

En toe gee God 'n middelaar. Iemand deur wie die mens met Hom, die grote God kan praat sodat die mens kan uithou. Sodat die mens gered kan word.

En hoe groot is God in die gee van die Middelaar. Sy eie Seun. Sy dierbaarste. Hy gebruik 'n mens, 'n vrou, en werk deur sy Gees 'n nuwe skepsel, 'n nuwe mens. 'n Mens soos u en ek, net sonder sonde. En tog is die wese van die mens wat Hy wek ook God. Wie kan dit doen? Vir die mens se verstand is dit te groot. Dit moet geglo word!

Wie in Jesus Christus glo, kan nou met God praat. En dan is die grote God sy Vader. Dan word die verhouding so intiem soos dié van 'n vader en 'n kind. Deur Hom kan ons ons nood en behoeftes; ons hartseer en teleurstellings; ons probleme en ons teenspoed aan die grote God oordra. Vir wie in Christus glo, is die grote God nie meer 'n verskrikking nie, want deur Hom skyn God se aangesig altyd vrolikheid en lig.

Nader deur Christus die Almagtige, grote God, en Hy sal tot jou nader as jou Vader.

Ds AJ Coetsee (Emeritus)

